# Taffienuus: Januarie 2024

## Beste Tafelberg-Fotografieklub-lede

’n Baie geseënde en wonderlike 2024 word elkeen van julle toegewens!!! ’n Nuwe jaar bring nuwe geleenthede in alle aspekte van ons lewens. Die bestuur het vroeg in Desember 2023 ’n goeie beplanningsessie gehou en het ’n stimulerende program saamgestel wat ons baie laat uitsien na heerlike foto geleenthede.

Miskien is dit goed om so aan die begin van 2024 weer te kyk wat is die kenmerkende van Tafelberg Fotografie klub:

**Wat maak ons klub uniek?**

**Dit is ’n klub wat iets vir almal het. Van die professionele fotograaf – en die stokperdjie fotograaf – tot ’n beginner fotograaf. Ons wil iets bied vir elkeen wat lief is vir fotografie. Dit is ’n klub waar jy kan groei en mense met dieselfde passie ontmoet. Hier help ons jou -om jouself te help om beter foto’s te neem en te verwerk. Ons help jou om teen jouself te kompeteer met die doel om jou eie foto’s te verbeter. Elkeen is uniek en het ’n unieke belangstelling en styl. Ons wil jou help om jou unieke styl van fotografie te ondek en te vier! Ons wil dit vir jou lekker maak om jou passie vir fotografie uit te leef!**

Ons het ’n paar doelwitte vir onsself gestel

1. Om vir lede van Tafklub ’n lekker ervaring van fotografie, vriendelikheid (gasvryheid) en sosiale interaksie te gee
2. Om uitdagende temas elke maand te hê in kompetisies sodat ons almal kan deelneem en groei
3. Om ons vaardigheidsaande nuwe dinge te probeer maar ook bevestiging van die bekende. Ons wil dat elke lid daarby baat – dit maak nie saak waar jy op jou fotografie -reis is nie.
4. Om nuwe lede te mentor wat die basiese dinge betref
5. Om geleenthede te skep vir almal om te groei
6. Om meer aandag aan prints te gee

## 1. KLUB PRESTASIE:

### 1.1 Uitslae van ander kompetisies:

- Mariana Visser het 5 aanvaardings en een FIAP Blue Ribbon ontvang. Dit was by die PENGUIN AWARDS

**Vir oorsese** salonne moet jy op die webtuiste van PSSA kyk. Die bekendes se besonderhede verskyn daar. MAAR onthou dat jy ’n foto nie meer as 3 keer hier by ons salonne of by oorsese salonne kan inskryf vir erkenning nie. Indien jy meer as 3 foto’s inskryf gee ons nie vir jou meer punte vir ’n foto’s nie. Oorsese foto’s word slegs erken as jy die naam en foto vir ons aanstuur

## 1.2 Salonuitslae (vir 2023-2024 Impala jaar)

- Ons het die volgende uitslae vir aanvaardings in die Nasionale Salonne van PSSA ontvang: Die totale is die aantal aanvaardings wat elkeen ontvang het.

| Column5 | Column2 | Column3 |
|---|---|---|
| | Westville | Vanderbijlpark |
| Neels Beyers | 2 | 4 |
| Louise de Lange | 1 | 2 |
| Philip de lange | 2 | 6 |
| Christo Giliomee | 7 | 2 Meriete en 9 |
| Quintus Heine | 3 | 1 |
| Dixon Norval | 4 | 7 |
| Theo Potgieter | 2 Meriete en 5 | 1 Meriete en 2 |
| Juliana van Dyk | 1 Meriete en 3 | 1 Meriete en 2 |
| Adriaan van Zyl | | 2 |
| Mariana Visser | 1 Meriete en 4 | 4 |

## 1.3 Impala lys tot na Vanderbijlpark salon

| Landswye posisie | Naam | Punte |
|---|---|---|
| 14 | Christo Giliomee | 83 |
| 30 | Theo Potgieter | 65 |
| 62 | Dixon Norval | 45 |
| 76 | Mariana Visser | 38 |
| 94 | Juliane van Dyk | 31 |
| 107 | Quintus Heine | 28 |
| 176 | Karen van Zyl | 19 |
| 199 | Adrian van Zyl | 15 |
| 249 | Philip de Lange | 12 |

## 1.4 Impala lys vir Prints

| Landwye posisie | Naam | Punte |
|---|---|---|
| 6 | Mariana Visser | 9 |
| 7 | Philip de Lange | 9 |
| 10 | Dixon Norval | 5 |

**Baie-baie geluk aan elkeen met hulle uitstekende prestasie. Tafklub is baie trots op elke lid wat so presteer.**

## 2. WEN-FOTO'S VAN NOVEMBER 2023



**After Che storm: Theo Potgieter**
**Wenner: Ope en Maand wenner**



**Swaeltjie in Vlug: Karen van Zyl**
**2de: Ope**



**Skyfighter: Cobus Carstens**
**Junior Wenner:**

## 3. WENNERS VAN KLUB IN 2023:

**Met ons jaareindfunksie is die volgende persone met uitmuntende prestasie in die klub beloon!**

**<u>Beste Fotograwe vir 2023 in Tafklub:</u>**

- Beste 3 ster fotograaf: Frank Smith
- Beste 4 ster fotograaf: Adriaan van Zyl
- Beste 5 ster fotograaf: Theo Potgieter
- Beste Meester fotograaf: Mariana Visser
- Beste Foto van die jaar: Oryx in Namib at dawn – Dixon Norval.
- Top Hoever van die klub in Salonne en ook nr. 1 in Wes Kaap: Dixon Norval

- Fotograaf van Jaar toekenning: Mariana Visser

**<u>Honour Toekennings deur PSSA:</u>**

- Quintus Heine LPSSA

- Dixon Norval LPSSA
- Theo Potgieter APSSA
- Mariana Visser DPSSA(Cls)
- Phillip de Lange DPSSA(Cls)
- Christo Giliomee EPSSA
- Christo Giliomee DPSSA (Cls) x 2
- Christo Giliomee DPSSA (Vers)
- Christo Giliomee DPSSA

**Ander verdienstelike Voorsitter- toekennings: Die voorsitter het 'n paar toekennings gemaak om erkenning te gee vir mense wat baie hard gewerk om die klub goed te laat funksioneer gedurende die 2023 fotojaar in Tafklub.**

- Die 2023 bestuurlede: JP Bester, Hendi Barnard, Juliane van Dyk, Karen van Zyl en Adriaan van Zyl.
- Mike Barkhuizen vir 3 jaar getroue oudit van ons Photovault punte
- Mariana Visser as ons Salondirekteur .

**Borge:**

- Die klub se borge van 2023 se pryse (maandeliks en jaarliks) is **Orms**- Bellville en **Cameraworld**, Bellville. Baie dankie vir julle.

## 4. PROGRAM 2024

- Die program vir 2024 se kompetisie – en die vaardigheidsaande is as bylaag hierby aangeheg. Dit sal ook op ons webwerf verskyn. Ons sien uit na 'n goeie jaar.

## 5. JANUARIE 2024 SE BYEENKOMSTE EN 'n KYKIE NA DIE RES VAN 2024

### 5.1 Vaardigheid.

- **Kreatiewe fotografie**: Heelwat van ons lede het 'n belangstelling hierin en wil graag verder ontwikkel. Dit bied ook vir ander lede weer 'n geleentheid om blootgestel te word aan nuwe genre. Om dit te doen gaan ons op **17 Jan na Martin Dudley (Barber)** luister waar hy met ons gaan gesels oor "Alternatiewe realiteit" in fotografie. Dit word opgevolg op 6 Feb. met 'n gesprek deur David Barnes oor die hantering van Photoshop in kreatiewe fotografie.

- In Maart gaan daar in opvolg van die vaardigheidsande 'n werksgroep vir **"Composites"** begin word. Hierdie groep sal olv Theo Potgieter en Marianna Visser staan. Hulle gaan mense wat graag die genre verder wil ontgin begelei. Hulle sal later meer daaroor laat weet.

- Vanaf einde Maart gaan Martin Dudley (Barber) met 'n groep van 10 lede 'n kursus aanbied in **Photoshop.** Ek het so ruk terug daaroor gevra en genoeg lede het daarop gereageer. Die groep kan ongelukkig nie meer as 10 wees nie. maar jy kan weet as jou naam op die waglys moet kom -ingeval van kansellasies.

- **Prints**: Ons wil baie graag lede aanmoedig om die jaar ook prints in te skryf. Hiervoor gaan Philip de Lange na afloop van Januarie se kompetisieaand meet gesels oor wenke – hoe om prints in te skryf. Vanaf Feb.- Mei en ook Okt. en Nov. gaan ons ook hibriede (Zoom en fisies) kompetisiesaande hê sodat daar ook prints ingeskryf kan word.

- **Natuurfotografie**: Ons het die jaar temas in **Wildfotografie, Voël fotografie en Landskappe** (natuur). Heelwat van ons lede stel hierin belang en wil ook graag verder ontwikkel.

- **Mentorskap** vir nuwe lede is steeds vir ons belangrik. Indien jy hulp nodig het – moenie huiwer om te vrae nie.

- **Uitstalling**: Ons sal weer hard werk om 'n klubuitstalling iewers in die jaar te hê

- **Uitstappies:** Daar word reeds hard gewerk dat ons baie lekker uitstappies die jaar kan hê. Hieroor later meer.

### 5.2 Kompetisie Januarie

- Die maand se klubkompetisie is **23 Januarie** en die sluitingsdatum is **17 Januarie.** Die beoordelaar is Philip de Lange. **Die tema is: Hande** – (manipulasie toegelaat)**.**
- **In Januarie sal al die byeenkomste slegs Zoom byeenkomste wees, maar vanaf Feb. sal sommige van die kompetisie aand ook hibriede byeenkoms wees soos altyd met vaardigheid gedoen is. Sien die program**
- **Let daarop dat die temas van kompetisie en vaardigheidsaande** (wat dieselfde is) nie noodwendig in dieselfde maand is nie. Dit is om fotograwe kan te gee om in sekere temas van die vaardigheid te groei voordat ons daaroor kompetisie hou.
- **Een verandering 'n kompetisie reëls: Jy kan nou in enige van die twee/drie kategorieë drie foto's inskryf, maar steeds 'n maksimum van 4 foto's per kompetisie.**

## 6. LEDEGELD 2024:

**Ledegeld vir 2024 is slegs R430 per persoon vir die hele jaar.** (skoliere en erelede uitgesluit). Dit is voor Maart betaalbaar in die klub se bankrekening. Gee as verwysing die volgende: "ledegeld en jou naam en van." Kom ons werk saam en betaal die gelde so gou moontlik in. Indien daar iemand is wat oor een of ander rede dit nie nou kan betaal nie – praat gerus met my. Indien daar lede is wat addisioneel wil betaal om 'n 'ander lid te help – is dit ook welkom. Om ons lede gelde so laag te hou, het ons later in 2024 weer 'n salon wat ons aanbied om ons fondse aan te vul.

Bankbesonderhede: ABSA Bank
Rekeningnaam: Tafelberg Fotografieklub
Rekeningnommer: 9149865821
Verwysing: Ledegeld (en) Naam & Van
Bewys van betaling: Bewys van betaling moet per e-pos gestuur word na tafklub@gmail.com.

## 7. KOMMUNIKASIE:

**WhatsApp:** (**Tafklub)** is die dag tot dag kommunikasie van die groep. Hier wil ons vriendelik versoek dat ons onself sal weerhou van grappies en video clips wat niks met ons klub en ons fotografie te make het nie. Indien jy iets interessants sien kan dit eerder op facebook gedeel word. Hierdie groep is vir basiese inligting/kommunikasie onder mekaar. Daar sal vir spesifieke geleenthede ander groepe gestig word vir kommunikasie. **Ons wil baie graag versoek dat alle lede deel sal wees van die WhappApp groep want ons deel soms belangrike inligting hier met mekaar, wat jy gaan mis as jy nie deel is hiervan nie. – Jy kan altyd die groep "mute" om nie 'n kennisgewing te kry as iemand iets post nie. Van ons kant af onderneem ons om dit slegs by klub kommunikasie te hou.**

**Webwerf:** Die Tafklub webwerf (**tafklub.co.za**) is die draer van al die amptelike inligting van die klub. Dit is die klub se vertoonvenster. Alles wat enigiemand van die klub wil weet sal op die webwerf wees. Ons probeer dit maandeliks op datum hou en sal elke maand ook die kompetisie uitslae daarop publiseer- as jy dit iewers gemis het.

**Nageboor:** Die facebook bladsy (**Tafelberg Fotografieklub**) is 'n publieke bladsy wees waarop ons ons foto's en aktiwiteite van die klub vertoon. Hier kan almal deelneem.

**Nuusbrief:** Die nuusbrief is om die inligting en werkswyse van die klub maandeliks te kommunikeer.

**Korrespondensie**: Alg navrae oor enigiets kan deur ons epos adres tafklub@gmail.com gedoen word.

## 8. JAARVERGADERING 23 April 2024

Tafelberg Fotografieklub se jaarvergadering is op 23 April 2024. Hiermee word kennis gegee van die jaarvergadering net voor of na ons kompetisie aand

## 9. TEN SLOTTE:

*My wense is dat elke lid van Tafklub die komende jaar sy/haar se passie vir fotografie sal uitleef en dit saam met ons sal geniet!!*

**Vriendelik Groete**

**Quintus Heine**